



Resensies / Reviews

- Sawyer, Frank. 2010. **Philosophical perspectives in dialogue with theology. Vol. 1: Greek, Roman & Medieval philosophy.** Sárospatak: Sárospatak Reformed Theological Academy.
(H. Goede) 195
- Versfeld, Marthinus. 2010. **Oor gode en afgode.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(L. Kleinhans) 197
- Van Rooy, J. 2010. **Effektiewe gemeentesang: 'n model na aanleiding van die Psalmboek 2003.** Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
(D. Kruger) 199
- Jordan, G.D. & Lategan, L.O.K. 2010. **Modelling as research methodology.** Bloemfontein: Sun Press.
(J.C. Geertsema) 201
- Schoeman, Karel. 2010. **Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652-1662.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(A. Wessels) 204



Resensies/Reviews

Philosophy and religion: a historical dialogue

Sawyer, Frank. 2010. **Philosophical perspectives in dialogue with theology. Vol. 1: Greek, Roman & Medieval philosophy.** Sárospatak: Sárospatak Reformed Theological Academy. 313 p.
Price: €25,00. ISBN: 978-963-88090-7-0.

Reviewer: H. Goede
School for Biblical Sciences & Ancient Languages,
Potchefstroom Campus, North-West University

Sawyer is an established author on philosophy and ethics in the reformed theological tradition. In this two-part series Dr. Sawyer aims to produce an introduction to western philosophy in dialogue with theology. The volume under review takes the reader from the Pre-Socratics to Aquinas, while volume two will move from the Renaissance through the Enlightenment to postmodern times. The history of philosophy is painted with a broad brush, the brush being the relationship between philosophy and the Christian faith. The publication finds its roots in the author's notes to students challenging them "to think about the history of philosophy and to see some of the actuality of philosophical themes" (p. 5).

This volume is divided into thirteen chapters. Chapter one deals with a number of introductory questions aimed specifically at theological students studying philosophy: Why study the history of philosophy? Why study philosophy as students of theology? What is philosophy? What are the roots of western civilisation and philosophy? The author also touches on issues such as faith and knowledge, epistemological approaches and limits logic and criteria for finding truth. This first chapter provides a readily understandable introduction to philosophy even to the uninitiated. Chapter 2 introduces Pre-Socratic philosophy as the beginnings of western philosophy. Influential

philosophers of this period are discussed in short, yet informative sections. Chapter 3 discusses the philosophy of Socrates and his great influence. For the first time the author places philosophy under the microscope of theology based on divine revelation through Scripture and systematised in systematic theology. At this junction the real dialogue between philosophy and theology starts. Following the same pattern, chapters 4 and 5 discuss the philosophy of Plato and Aristotle.

Chapter 6 continues the history of western philosophy through the Hellenistic period, covering the philosophy of the Cynics, Sceptics, Epicureans, Stoics and Neo-Platonists. The dialogue with theology also continues by way of the author's comments on each of these philosophical schools. Chapter 7 serves as a summary of the development of western thought into Greek and Roman times, identifying themes typical of early western philosophy. The chapter concludes with a section on the relevance of Theology to Philosophy as well as other fields of study such as the Natural Sciences, Sociology, and Economics. The dialogue between philosophy and theology intensifies in chapter 8 dealing with Hellenistic philosophy and the theology of the apostle Paul. The chapter ends with a review of the impact of Paul's theology on Christian philosophy and the latter's contribution to philosophy in general.

Chapter 9 deals with the influence of philosophy in the patristic age, referring specifically to the problem of God and early Christian apologetics. This is further elucidated by the discussion of Augustine's philosophy and theology in chapter ten, ending with themes that have continued to spark debate in philosophical and theological circles. Chapter eleven introduces philosophy in the centuries between Augustine and Aquinas, with chapter twelve focusing on Thomas Aquinas. The concluding chapter describes philosophy from scholasticism to nominalism at the end of the Middle Ages and the beginning of the Renaissance.

The question is whether the author achieves the stated purpose of the publication. The overview of the history of philosophy from Pre-Socratic times to the end of the Middle Ages is certainly not unique, and might very well be covered in more detail in other publications. Yet Sawyer's focus on the relationship between philosophy and theology is refreshing in a postmodern context where theology is often regarded as irrelevant and beyond the scope of proper scientific enquiry. He succeeds in establishing theology's credentials as a unique way of looking for answers to questions typically posed by philosophy, and beyond. Yet he also reminds theologians of the

questioning role of philosophy to be applied to all scientific endeavours, theology included. Sawyer manages to provoke further thought and discussion among students with the “Questions for further thought” at the end of each chapter. I consider this work to be compulsory reading for all theological students of all traditions, and especially students in the reformed tradition. It succeeds in bringing about true dialogue between two disciplines often at odds with one another!

Tweespalt en tweestryd in die modernisme

Versfeld, Marthinus. 2010. **Oor gode en afgode.** Pretoria: Protea Boekhuis. 204 p. Prys: R150,00. ISBN: 978-1-86919-362-1.

Resensent: L. Kleinhans
Skool vir Tale,
Vaaldriehoekkampus, Noordwes-Universiteit

Versfeld se *Oor gode en afgode* kan beskryf word as 'n diagnose van die sosio-politieke euwels van die moderne epos en die intellektuele (ideologiese) stromings waaruit hulle ontstaan. Die verbrokkeling van die Middeleeuse (Christelike) wêreldorde gaan gepaard met die innerlike verdeeldheid en worsteling van die moderne mens. Die belang van die eenheidsbegrip, soos aangedui in Wolff se insiggewende inleiding, geniet voorrang in die bundel. Binne die bestek van vyf essays doen Versfeld verslag van die stelselmatige verbrokkeling van die moderne mens, die wêreld waarin hy/sy leef, en die verhoudings waarin hy/sy met sy/haar medemens verkeer.

Die tweespalt in die gees van die moderne mens vind sy oorsprong in die verarmde begrip van redelikheid wat deur die Verligtendenkars verkondig is. Onder die invloed van hierdie intellektuele tradisie word abstrakte, konseptuele kennis hoog op prys gestel ten koste van die vele ander soorte kennis en ervarings wat deel vorm van die menslike lewe.

Hier maak Versfeld waardevolle gebruik van die Aristoteliaanse begrip van die praktiese rede of verstandigheid. Alhoewel nóg estetiese waardering, nóg geloofskennis aanspraak kan maak op rasionele kwalifikasie, is dit *redelik* om albei as geldig te beskou. “Die redelike lewe”, skryf Versfeld, “is die goedbepaalde lewe, die lewe wat 'n behoorlike mate van rede en nie-rede bevat”. Dit is die taak van die

praktiese rede om die regmatige plek van die verskeie vorms van ervaring en kennis te bepaal.

Versfeld bemerk dieselfde gebrek aan innerlike eenheid van die rasionalistiese tradisie in die werk van Rousseau. Die onvermoë om 'n geïntegreerde beeld van die mens te formuleer is die denkfout wat Rousseau uiteindelik skuldig maak aan die "verslawing van die mensdom". Die minagting vir die rede en die gepaardgaande verheffing van die gevoelstoestand tot "algemene wil" beroof die mens van die geleentheid om in gemeenskap met sy/haar medemens saam te leef. In die afwesigheid van 'n redelike betoog, en met slegs sentiment as rigtingwyser, word werklike deugsame optrede, wat 'n gemeenskapsvereiste is, haas onmoontlik. Losgemaak van alle ander gemeenskapsverbande word die mens uiteindelik aan die totalitaristiese almag van die staat uitgelewer.

Die totalitaristiese aard van die moderne staat word eweneens deur die westerse samelewing se materialistiese en hedonistiese neigings aangehelp. Imperialisme en 'n nihilistiese krygersmoraliteit vloeи van nature voort uit die ongetemde nastreef van plesier en mag. Versfeld beklemtoon dat slegs die aanneem van 'n bonatuurlike Christelike etiek, in plaas van 'n hierdie-wêrelmse lewensbeskouing, ons van die ongekende uitbuiting van mens deur mens kan red. Dit is ook slegs 'n siening van die mens as 'n redelike en skeppende wese, *imago Dei*, wat ons van die selfontkenning van die gees in 'n vyandige, gemeganiseerde en ontmensde natuurlike omgewing kan verlos.

In die afwesigheid van die Christelike begrip van *eenheid* en *vleeswording* word die "gedeeltelike met die finale goeie" en die "tydelike met die ewige" verwarr. Die moderne mens vind (af)god waar hy/sy slegs skepsel behoort aan te tref. Daarom dan die "gode en afgode" van die bundeltitel en 'n misbruik van ons tydelike, aardse bestaan.

Die invloed van Thomas van Aquino en sy voorganger Aristoteles, is regdeur Versfeld se bundel sterk te bespeur. Dit moet gestel word dat 'n meer kritiese ingesteldheid teenoor die intellektuele nalatenskap van die Middeleeue, tesame met 'n nie uitsluitlik-pessimistiese blik op die modernisme, wenslik sou wees. Versfeld erken hy skryf met "die gees van verset van iemand wat die dertiende eeu as een van die brandpunte van die beskawing beskou". Veral die onkritiese tipering van die Middeleeue as 'n tyd van ongeëwenaarde eenheid en harmonie, kan bevraagteken word.

Desnieteenstaande lê die besondere waarde van Versfeld se bydrae huis in die (her)interpretasie van die insigte van hierdie denkskool in die lig van die moderne epos waarin hy homself bevind. Hierin bly Versfeld getrou aan die kriterium van *prudentia* wat hy die moderne mens ople: om met kennis om te gaan te midde van 'n gevoeligheid vir die besondere geval. Versfeld demonstreer so 'n gevoeligheid vir die besondere deur 'n deeglike en insiggewende analise te maak van die probleme van die moderne era. Soos reeds genoem, is dit die gebrek aan eenheid wat telkens uitgewys word as die bron van die verbrokkeling van die moderne mens en sy samelewing; 'n toestand wat noodgedwonge op afgodediens uitloop. *Oor gode en afgode*, is gevolglik nie alleenlik vir die filosoof geskik nie, maar vir enigeen wat 'n belangstelling in die sosio-politieke kenmerke van die moderne tyd koester, asook die metafisiese dryfvere wat laasgenoemde onderskryf.

Die Afrikaanse kerklied

Van Rooy, J. 2010. Effektiewe gemeentesang: 'n model na aanleiding van die Psalmboek 2003. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 430 p. Prys: R244,00. ISBN: 978-0-86955-188-2.

Resensent: D. Kruger
 Skool vir Musiek, Potchefstroomkampus,
 Noordwes-Universiteit

Hierdie boek is 'n verwerking van 'n proefskrif, *Die Psalmboek 2003 as kommunikasiemiddel in die liturgie van die erediens van die Gereformeerde Kerke*, wat Van Rooy in 2008 voltooi het. In 'n tyd waarin die psalms as gemeenteliedere sterk onder die soeklig val, veral vanweë die feit dat gemeentes skynbaar al hoe minder psalms sing, is 'n studie oor effektiewe gemeentesang (toegespits op die psalms) belangrik. Die verskyning van 'n boek soos *Effektiewe gemeentesang* is dus van groot belang.

Die outeur stel die doelstellings van die boek baie duidelik in die Inleiding. Dit is 'n interdissiplinêre studie wat naas die Hymnologie ook die Kommunikasiekunde betrek. In die volgende twee hoofstukke word die geskiedenis van die kerklied en die psalms in die besonder weergegee vanuit 'n bybels-gereformeerde perspektief. In hoofstuk 4 word aangetoon hoe die kommunikatiewe aspekte van musiek

deur middel van die perspektiewe van die Kommunikasiekunde in die Praktiese Teologie, by name die aanwending van die lied in die liturgie, betrek kan word. In hoofstuk 5 word metateoretiese perspektiewe vanuit die Himnologie aan die orde gestel.

Die belangwekkendste hoofstuk in hierdie boek is hoofstuk 6 waarin verslag gedoen word oor 'n empiriese studie oor die *Psalmboek 2003* ten einde vas te stel "hoe die werklikheid in die GKSA is ten opsigte van die gebruik van die *Psalmboek 2003*" (p. 239). Die statistiese gegewens oor die aanwending en gebruik van psalms en skrifberymings in die GKSA uit die bundels van 1936, 2001 en 2003 is besonder insiggewend. Die gemiddelde aantal psalms wat gebruik word, is hoër by gemeentes wat die 1936-bundel gebruik as by gemeentes wat die 2001-omdigting gebruik. Tegelyk skroom die respondenten ook nie om aan te dui watter leemtes hulle in die huidige liedbundels van die GKSA ervaar nie (p. 336-337).

In hoofstuk 7 word 'n model gegee wat kan bydra tot "die uitbouing van gemeentesang as kommunikasiemiddel in die liturgie van die erediens in die GKSA" (p. 369). Hierdie is 'n hoofstuk waarna 'n mens uitsien sedert die aanvang van die boek, omdat dit so sterk in die titel geïmpliseer word. Aangesien die outeur eers 'n bestek-opname doen van die voorafgaande hoofstukke, word daar relatief min plek aan die model self afgestaan. 'n Vraag wat sentraal binne die bespreking van die model staan, is "hoe 'n nuwe liedboek kan bydra tot vernuwing in die kerk en kerksang in die besonder" (p. 379). 'n Mens sou hieruit kon aflei dat die GKSA dalk reeds dringend aan 'n nuwe liedboek begin dink. Die model self is 'n wisselwerking van aktiwiteite tussen vier komponente, naamlik predikante, lidmate, kerkrade en orreliste. Dit sluit aspekte in soos opleiding van predikante en orreliste, die benutting van elektroniese hulpmiddels soos dataprojektors en die daarstelling van programme om kerksang te verbeter. Omdat die *Psalmboek* in al hierdie aksies sentraal staan, word ook enkele verstellings aan die hand gedoen (p. 385-386) ten einde die boek beter te laat funksioneer as gemeentebundel. Dit word ook duidelik gestel dat predikante en lidmate dienooreenkomsdig "verstellings" moet aanbring ten opsigte van hulle eie kennis van en ingesteldheid op die *Psalmboek*.

Die boek getuig van deeglike navorsing en sintese van resente bronre. Daar kom wel enkele lastige opmerkings voor soos byvoorbeeld die verwysing na die sogenoamde "byname" van liedere. Die lied ter sprake is *Aurelia* (p. 252) uit die Skotse *Psalter*. Hierdie is nie byname nie, maar die himnologiese titels van melodieë. Die buiteblad van die boek is nie oortuigend nie. Die werk handel tog oor

die psalms en die notevoorbeeld wat hier gebruik is, is duidelik klaviermusiek (met vingersettings!) wat niks met die onderwerp te make het nie. Dit doen afbreuk aan die boek wat deeglik afgerond is betreffende uitleg en skryfstyl. Dit is ook jammer dat die notevoorbeeld uit ou bundels (op p. 311, 312, 321, 322 en 324) nie in dieselfde formaat as die ander voorbeelde is nie.

Vanweë die akademiese aard van die boek, sal dit moeilik toeganklik wees vir gewone lidmate. Dit word egter aanbeveel vir predikante en ingeligte lezers wat 'n belangstelling het in kerkmusiek. Gegewe die sterk ondertone wat die auteur laat hoor ten opsigte van vernuwing en uitbreiding van die liedereskatalogus, hoop 'n mens dat die boek wel onder die aandag sal kom van die sinode van die GKSA. Inligting wat veral na vore kom uit die empiriese gedeelte van die boek kan van groot nut wees vir die GKSA (en ander gereformeerde kerke) wanneer besluite geneem word oor die toekoms van die Afrikaanse kerklied en die samestelling van moontlike toekomstige bundels.

Different kinds of modelling – illustrated

Jordaan, G.D. & Lategan, L.O.K. 2010. Modelling as research methodology. Bloemfontein: Sun Press. 159 p. Price: R150,00.
ISBN: 978-1-920383-05-3.

Reviewer: J.C. Geertsema
Faculty of Natural Sciences, Potchefstroom Campus,
North-West University

In the preface of this book, the editors state the purpose of their book as follows: "This book is a modest attempt at introducing the basic principles of modelling and its associated practices, as well as illustrating this research technique by means of a few practical examples of use in a variety of disciplines". This is further explained by the first editor in Chapter 1:

Even though modelling inevitably facilitates a better understanding of the expected functional characteristics of a real-life system, many researchers still do not use these research techniques optimally in the study of phenomena that could be modelled successfully. For a long period there was a tendency to use mathematical modelling predominantly for the study of engineering-related problems. Fortunately, this is no longer the

case, and it is increasingly being used to model phenomena that occur in other natural sciences disciplines, as well as in the human and economic sciences.

In carrying out their implied intention of introducing and illustrating the ideas of modelling over the spectrum of the sciences and humanities, the editors brought together thirteen authors who contributed to the writing of twelve different chapters. In the end, the book covers topics mainly from engineering and the natural sciences, except for one chapter concerning human and economic sciences.

One gathers that the intended readership for the book are those who are interested in modelling as a research tool, but then only at a very general level. This is not intended to be a systematic text on the construction and manipulation of models. The chapters are quite independent and there does not seem to be a step by step progression from chapter to chapter. The absence of an alphabetical index is a pity, because an index could help draw together the different chapters.

The book is divided into two sections. The first is titled “General principles of modelling” and contains seven chapters, while the second contains five chapters under the heading “Examples of the uses of modelling”. Each chapter contains a short list of references to the relevant literature.

Chapter 1 is introductory and is titled “Principles of modelling in research and design”. It introduces mathematical modelling, physical modelling and the advantages of modelling. There are three more general chapters on models for science (chapter 2), mathematical modelling in human and economic sciences (chapter 3), and mathematical modelling as a research methodology (chapter 5). As can be expected from the overlap in the titles of these chapters, there is indeed considerable overlap in their content with respect to definitions and use of the different kinds of modelling, but each chapter has a different flavour corresponding to the specific interest of the author(s) of the chapter. Chapters 4 and 6 are more directed toward engineering, referring to a so-called mega-tronic design process and also to physical modelling of terrains and structures. Chapter 7 is on acquisition of data and the accompanying role of computers.

Each chapter in section 2 discusses an example of modelling. The following topics are covered: design of rubber tires, performance of industrial freezers, human-environment dynamics, neural network modelling, and lastly, modelling in research.

As stated above, the reader should not expect to find a thorough step by step development of modelling in this book. Rather, it contains a broad overview of different kinds of modelling and illustrative examples. Unfortunately the mathematical equations presented in several of the chapters seem to appear from nowhere and there is no explanation of the meaning of the different mathematical symbols and the significance of the expressions. To learn more about these, the reader will presumably need to go back to the literature listed. A similar comment applies to several of the diagrams presented, some of them very complicated, with little or no explanation of their meaning and their coherence. This also applies to some of the written material, which is often presented in a very condensed way, such as the discussion of the types of models in chapter 2, paragraph 3, which merely provides lists of terms with little or no explanation of their meaning. There are unfortunate repetitions from chapter to chapter, for example the often repeated definition of what is meant by a mathematical model. Although one can understand that, in a book with a limited scope, many topics will have to be omitted; one misses a better treatment of statistical and probabilistic models.

On a more philosophical level, one feels that a discussion of what is meant by scientific methodology and the related role of models is lacking, although operational aspects are referred to here and there. The important question of the relationship between models and theories gets no attention, although there is substantial literature about this. Even in a more practically oriented book such as we have here, this could provide a valuable contextual perspective.

In conclusion, the book may be recommended to those who have a broad interest in modelling in research, who would like to get acquainted with some of the main related concepts and encounter some examples of applications. This is in line with the intention of the editors to provide a “modest” introduction to the area. Readers who require a more thorough and step by step guide will have to look elsewhere.

Vroeë Kaapse geskiedenis

Schoeman, Karel. 2010. **Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652-1662.** Pretoria: Protea Boekhuis. 436 p. Prys: R300,00.
ISBN: 978-1-86919-271-6.

Resensent: A. Wessels
Departement Geskiedenis,
Universiteit van die Vrystaat

Karel Schoeman is een van Suid-Afrika se produktiefste skrywers en het reeds 'n groot aantal romans, historiese werke en ander publikasies die lig laat sien. Sy werk is al meermale bekroon, byvoorbeeld met die Hertzogprys en die Recht Malanprys.

Die afgelope paar jaar vors Schoeman die vroeë vestigingsgeskiedenis van blankes aan die Kaap na met die oog op die publikasie van 'n vyfdelige reeks boeke, genaamd "Kolonie aan die Kaap". Vroeër het die eerste twee van hierdie boeke reeds verskyn, naamlik *Patrisciërs en prinse: die Europese samelewing en die stigting van 'n kolonie aan die Kaap, 1619-1715* en *Handelsryk in die Ooste: die wêreld van die VOC, 1619-1688*. Nou het die derde van hierdie reeks boeke ook die lig gesien, naamlik *Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652-1662*. Soos die vorige boeke is ook hierdie een besonder keurig deur Nicol Stassen se Protea Boekhuis uitgegee.

Vir baie jare was die geskiedenis van die blanke vestiging aan die Kaap algemene kennis vir die meeste Suid-Afrikaners, maar vandag kan dit nie meer as vanselfsprekend aanvaar word nie. Dit is dus goed dat Schoeman die aandag op 'n verantwoordelike wyse op die eerste blanke intrekkers vestig, dit wil sê daardie mense wat hierheen verhuis het na aanleiding van die Verenigde Oostindische Compagnie (VOC) se besluit in 1651 om 'n verversingspos in Tafelbaai te stig ten behoeve van die Kompanjie se skeepsvaart tussen Nederland en die Ooste. Hierdie stuk geskiedenis begin toe Jan van Riebeeck in April 1652 in Tafelbaai anker gooi.

In hoofstuk 1 beskryf Schoeman Jan van Riebeeck se lewe en loopbaan. Hoofstuk 2 word aan die werksaamhede rondom die verversingspos gewy, en wel aan die hand van Van Riebeeck se dagboeke sowel as die briewe en geskrifte van vroeë besoekers aan die

Kaap. Die omstandighede van die pioniersgroepie wat uitvoering aan Van Riebeeck se opdragte en ambisieuse planne moes gee, word in hoofstuk 3 in besonderhede bespreek. Daar word byvoorbeeld genoem dat alle lewensmiddelle, gereedskap, saad, plantjies en selfs perde aanvanklik uit die Ooste ingevoer moes word. Vervolgens kom die fort in hoofstuk 4 aan bod. Die kollig val op die konstruksie daarvan, die skuiling en beskerming wat dit teen wilde diere en vyandige Khoi-stamme moes bied, en hoe die verskillende sosiale groeperings, soos die hoë amptenare, ambagsmanne, soldate en slawe, in die fort gewerk, geleef en soms ook gesterf het. Aandag word ook aan onthale, kerk- en gebedsdienste en militêre parades geskenk – fassinerende leesstof.

Die verskillende dienaars van die Kompanjie word in hoofstuk 5 beskryf, en die werksvolk in hoofstuk 6. 'n Klein groepie hoë Kompanjieamptenare was deel van die Kaapse nedersetting, maar die latere vryburgers was hoofsaaklik afkomstig uit die groter groep werksvolk, soldate en matrose. Die uiters moeilike omstandighede, teenslae en mislukkings van die aanvanklike groepie van nege vryburgers, maar ook die enkele suksesverhale, word in hoofstuk 7 bespreek. Die slothoofstuk verskaf 'n oorsig van Jan van Riebeeck se latere loopbaan in die Ooste, tot en met sy dood in 1677.

Soos sy ander historiese werke, is ook Schoeman se *Kolonie aan die Kaap* 'n goed nagevorsde studie; daarvan getuig onder meer die nie minder nie as 2 670 eindnote (p. 329-393) en omvattende bronnellys (p. 394-414). Daar is ook 'n baie volledige register (p. 415-436). Afgesien van die portret op die omslag, is daar egter geen ander illustrasies nie. Dit is nogal jammer, want afdrukke van sketse en planne van die fort en illustrasies van hoe die klein nedersetting aan die voet van Tafelberg destyds gelyk het, asook portrette van sommige van die persone na wie verwys word, sou beslis sommige lesers kon help om 'n beter beeld van die leefwêreld aan die Kaap in die vyftiger- en sestigerjare van die sewentiende eeu (1652-1662) te vorm.

Ten einde te begryp waarom en op welke wyse daar gou 'n komplekse veelrassige samelewing aan die Kaap (en met verloop van tyd dus ook in Suid-Afrika) uitgegroeи het, is dit nodig om ook die geskiedenis van die blanke setlaars te ken en na behore te begryp. Karel Schoeman se *Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652-1662* is 'n puik publikasie wat waardevolle kultuurhistoriese inligting oor die omstandighede tydens die eerste tien jaar na die stigting van die verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop verskaf. Hierdie besondere teks is bedoel vir

alle belangstellendes in die vroeë vestigingsgeskiedenis van die huidige Suid-Afrika. Hopelik sal die boek die halfvergete ouer geskiedenis van Suid-Afrika aan 'n nuwe geslag lesers bekendstel. Daar word uitgesien na die laaste twee boeke in Schoeman se "Kolonie aan die Kaap"-reeks, naamlik *Burgers en amptenare: die vroeë ontwikkeling van die kolonie aan die Kaap, 1662-1679* en *Here en boere: die kolonie aan die Kaap onder die Van der Stels, 1679-1712*.